My eie spesiale donkie

Patricia Hall

Hier is enkele van die woorde wat in die storie voorkom

indrukwekkende vergadering aanvaar behels beskikbare

oorleef hoefsmid gepleit gesmeek ernstig oorstelp verwese

gefluister kosbaar kampie troos hoefpik omhels

Stefanie woon op 'n plaas net buite 'n klein dorpie in die Wes-Kaap met die indrukwekkende Langeberg in die verte. Hulle hou baie diere op die plaas aan, soos hoenders, ganse, perde, varke, skape en koeie.



Stefanie is nege jaar oud en dra altyd haar hare in twee bokstertjies. Haar werk op die plaas is om die eiers uit te haal terwyl haar broer die ganse en hoenders kos gee. Elke Saterdagoggend eet die gesin saam ontbyt en geniet die vars plaaseiers.

Een oggend kyk Stefanie na haar pa en vra, 'Hoekom het Pa nie gisteraand vir my 'n storie kom lees nie?'

'Ek moes na 'n vergadering van die donkietoevlugsoord gaan,' sê haar pa.

'Wat is 'n toevlugsoord, Pa?' vra Stefanie.

'Dis 'n spesiale plek waar hulle omgee vir donkies en hulle versorg en waar niemand hulle kan pla nie,' sê haar pa. 'Die moeilikheid is dat hulle nie meer plek by die toevlugsoord het nie, en dat hulle nie enige nuwe donkies kan aanvaar nie.'

'Ons het baie plek op ons plaas,' sê Stefanie. 'Sou ons nie 'n paar kon aanhou nie?'

'Ek weet, Stefanie, maar om donkies te versorg is baie werk. Ek het nie tyd nie.'

'Maar ék kan een donkie versorg!' roep Stefanie uit.

Haar pa sug en sit sy koppie koffie neer. 'Dis nie net die tyd nie, Stefanie.'

'Donkies kos ook geld,' sê haar ma terwyl sy vir Stefanie 'n snytjie roosterbrood gee.

'Julle kan al my sakgeld kry,' sê Stefanie.

‘Ek dink jy moet eers meer oor donkies leer sodat jy kan verstaan wat dit alles behels,’ sê Stefanie se pa. ‘Die perde eet al die beskikbare gras. Donkies kan nie net op die veld oorleef nie, hulle moet ook saans hooi kry.’ Hy staan van die tafel af op en neem sy bord kombuis toe.

Stefanie se ma vat haar handjies. ‘Donkies het sorg en aandag nodig. As jou donkie siek word, sal die veearts moet kom. Die hoefsmid sal ook moet kom om sy hoewe te vyl.’

Haar pa het uit die kombuis geroep, ‘Donkies behels ŉ klomp werk en kos ŉ klomp geld. Nou wil ek nie ŉ woord verder hieroor hoor nie!’

Stefanie spring uit haar stoel op. ’Asseblief, Pa!’ pleit sy. ‘Ek belowe om die donkie goed te versorg. Ek sal hom soggens kos gee. Ek sal hom saans borsel en ek sal self die veearts bel as die donkie siek word.’

Stefanie wil net nie die idee laat vaar nie. Sy raak al hoe meer opgewonde oor die gedagte om haar eie donkie te hê. Na dae van Stefanie se gesmeek gee haar pa uiteindelik in.
‘Nou goed! Nou goed!’ Hy wou eintlik net vir Stefanie toets om te sien hoe ernstig sy daaroor is om ŉ donkie te hê. Toe Stefanie vra om te help om donkies by die toevlugsoord te versorg, het hy geweet sy wil regtig ŉ donkie hê.

Eendag kom daar ŉ groot perdetrok op die plaas aan en Stefanie is oorstelp van vreugde. Jakob van die toevlugsoord maak die deur oop en Stefanie sien *haar* donkie binne-in. Hy lyk so klein en verwese in die groot perdetrok. Hy is maer – net vel en been en sy vel is vol sere, maar sy is dadelik lief vir hom. Sy pels is liggrys, amper wit, en oor sy rug en skouers is daar lyne wat ŉ kruis vorm. Sy het nog nooit voorheen so ŉ mooi patroon op ŉ dier gesien nie.

Sy loop stadig na hom toe en steek haar hand na hom toe uit. Hy laat haar toe om nader te kom en sy fluister in sy oor, ‘Klein donkie, jou naam is Kosbaar, want ek gaan jou oppas asof jy die kosbaarste skat is wat ek al ooit besit het.’

Elke oggend staan Stefanie nog vroeër as gewoonlik op. Voor sy die skoolbus haal, gaan groet sy eers vir Kosbaar in sy stal. Sy sit ŉ halter aan en lei hom na die kampie toe, en sit vir hom hooi uit om te eet. Later, wanneer sy van die skool af kom, hardloop sy reguit na die kampie toe waar Kosbaar vir haar by die hek staan en wag. Hy groet haar met ŉ luide ‘Hie ha, hie ha’. Vir Stefanie klink dit soos ŉ vrolike liedjie wat haar hart warm laat klop. Sy streel die sagte hare onder sy nek, gee hom ŉ drukkie en belowe, ‘Ek sal jou kom borsel sodra ek klaar my middagete geëet het.’

Eendag kom die tandarts om Kosbaar se tande met ŉ swart metaal vyl te vyl. Dit is langer as haar skool liniaal.

‘Hoekom is dit nodig?’ vra Stefanie.

‘Wanneer ŉ donkie meer as twintig jaar oud word, begin sy tande skeef groei,’ sê die tandarts. ‘As ŉ mens nie sy tande vyl nie, sal hy nie kan eet nie. Dan kan hy doodgaan.’ Stefanie is verbaas en hardloop om haar broer te vertel wat sy so pas geleer het.

Later sê Stefanie se pa, ‘Ek het ŉ afspraak vir die perde by die hoefsmid gemaak. Hy kan net sowel Kosbaar se hoewe ook versorg.’

‘Wat doen die hoefsmid, Pa?’ vra Stefanie.

‘Hy sal Kosbaar se hoewe ondersoek om te sien of hulle te lank is en hulle dan korter vyl.’

‘O nee, nie nog ŉ vyl nie!’ roep Stefanie uit.

‘Moenie bekommerd wees nie, dit maak nie seer nie. Kosbaar se hoewe is net soos jou vingernaels wat aanhou groei en geknip of gevyl moet word.’

Nietemin maak Stefanie seker dat sy langs Kosbaar staan toe die hoefsmid kom, sodat sy hom kan troos indien hy bang word. Toe die hoefsmid Kosbaar se hoef probeer optel, skop Kosbaar in sy rigting. Stefanie is verbaas, maar die hoefsmid lag net en sê, ‘As hy op drie bene staan, voel hy van balans af. Ons sal maar stadig werk tot hy daaraan gewoond raak. Stefanie, jy kan help deur gereeld sy hoewe met hierdie hoefpik skoon te maak.’

Na ŉ paar maande kom Jakob kyk hoe dit met Kosbaar gaan. Hy kan sy oë nie glo nie. ‘Waar is die donkie wat ons vir jou gegee het?’, spot Jakob. ‘Hierdie is tog seker nie dieselfde maer donkie met die dowwe pels nie?’

‘Ja, dit is hy,’ sê Stefanie trots. Sy omhels Kosbaar wat nou lekker rond, maar nie te vet is nie, met ŉ pragtige blink vel.

Jakob praat eenkant met Stefanie se pa, ‘Kan jy miskien nog ŉ donkie inneem?’

‘O ja, asseblief, Pappa, asseblief!’ roep Stefanie, terwyl sy op en af spring.



‘Ons het ŉ donkie wat ŉ goeie huis nodig het,’ sê Jakob. ‘Die belangrikste van alles is dat donkies nie daarvan hou om alleen te wees nie.’

Stefanie hou haar asem op terwyl sy vir haar pa se antwoord wag. Na ŉ rukkie knik hy sy kop. Hy weet dat Stefanie baie goed vir haar donkie sorg. ‘Ons kan dit doen,’ sê hy.

‘Dankie, dankie, Pappa,’ en gee hom ŉ drukkie. Stefanie voel so gelukkig, want nou sal sy haar nie meer hoef te bekommer dat Kosbaar eensaam raak wanneer sy by die skool is nie. Stefanie se twee donkies het goeie vriende geword.

Later is Stefanie getroud en het na ŉ dorp net onder die hoë Langeberge verhuis. Haar twee donkies het op haar ouers se plaas agtergebly. Hulle het lank genoeg geleef dat Stefanie se kinders ook kon leer om hulle te borsel en te versorg. Die kinders het geleer om lief te wees vir donkies en al die ander diere op hulle oupa en ouma se plaas, net soos Stefanie toe sy nog ŉ dogtertjie was.

Hier is Stefanie se eerste donkie. Kan jy sy naam onthou? Skryf dit bokant die prentjie. Kleur die prentjie in. Teken jou eie prentjie van haar tweede donkie onder die prentjie. Gee vir haar ook 'n naam.